Genadeland GF4GF-centre NPC* (VICTORIA WEST)

EST.2017 – BY GRACE

## Maak die volgende jou opgewonde?

- 'n "Gapyear" ("Goodyear") vir jongmense met matriek op 'n klein sendingplaas waar hulle as deel van 'n familie saam woon, werk, gesond word, groei, toegerus word, pret het en uitreik.
- Toerusting van jongmense om as Christenleiers te gaan leef in hul huise, gemeenskappe en land.
- Bemagtiging van jongmense wat wil uitstyg uit hul omstandighede.
- Vorming van jongmense as dissipels van Jesus wat ywerig is om ander dissipels te maak.
- "Living and Faming God's Way".

## Genadeland GF4GF-Sentrum

*GF4GF staan vir: GOOD FOUNDATIONS FOR GOOD FRUIT*

Johan Viljoen kondig aan:

Ons begin 'n nuwe GF4GF-sentrum buite Victoria-Wes. Ons noem dit *Genadeland GF4GF-Sentrum*.

Daarom soek ons dringend na iemand (of 'n egpaar) wat passievol is oor God en oor jongmense om as programleier(s) en huisouer(s) op te tree.

Alhoewel hierdie 'n nuwe sentrum is, vorm dit deel van AMOS AGRIMIN en van die GF4GF-familie en is baie dinge reeds in plek, bv. kursusmateriaal en opleidingsooreenkomste, om die uitkomste van die sentrum te bereik. Elke GF4GF-sentrum het sy eie kultuur, unieke aanslag en boerderyaktiwiteite, maar die uitkomste stem ooreen.

**Johan en Rozanne Viljoen en klein Benjamin boer naby Victoria-Wes.**

Die Here het my reeds 'n hele paar jaar gelede die visie gegee en ons toe op 'n wonderlike manier in kontak gebring met AMOS wat hierdie visie deel en juis geroep is om hierdie sentrums oral in Suid-Afrika en Afrika te plant. God het die ideale stukkie grond vir hierdie sentrum uitgesoek en toe die koopprys van die grond deur 'n wonderwerk voorsien. Ons vertrou Vader nou vir die personeel wat Hy hiervoor roep. Ons glo dat die sentrum ook 'n basis gaan word vir verdere programme en uitreike, bv. vroeë kindontwikkeling-programme, plaasuitreike, ens.

Sien die volledige advertensie vir die pos aan die einde van hierdie inligtingstuk.

## Kapoksfontein – waar *Genadeland GF4GF-sentrum* gevestig gaan word

## Hoe lyk ‘n GF4GF-sentrum?

Elke sentrum is ‘n klein, kommersiële, veeldoelige opleidingsplasie op die platteland waar die volgende aangebied word:

- “Goodyear”;
- Kort kursusse;
- Uitreike;
- Ander projekte en aktiwiteite.

### DIE “GOODYEAR”-PROGRAM

Hierdie is ‘n program waarin jaarliks ongeveer 10 studente deel word van ‘n veilige en ondersteunende familie waarin “Living and Farming God’s Way” gedemonstreer word, en die studente toegerus word met kennis deur ‘n verskeidenheid kursusse en praktiese werkservaring.

Die doel is om die persoonlike groei en ontwikkelling van studente te bevorder deur geestelike groei, fokus op emosionele welstand, die vaslê van Bybelse waardes en werksetiek, uitbou van lewensvaardighede, toerusting vir gesonde verhoudings (spesifiek ook vir die huwelik en gesin), aanleer van praktiese vaardighede, gesonde besigheidsbeginsels en leierskapsontwikkeling.

Die model is om ‘n klein groep studente intensief te bedien by elke sentrum, sodat hierdie studente so goed as moontlik toegerus kan word vir hul rol in ‘n gesin, die werksplek en die gemeenskap waarin hulle leef.

Die teikengroep is jongmense wat in die landelike omgewing grootword.

Studente werk fisies op die plaas.  Dit sluit in die groentetuin vir eie gebruik, maar ook die kommersiële boerdery wat op klein skaal bedryf word om inkomste aan te vul en praktiese werkplekervaring aan studente te gee.

GF4GF-sentrums het ’n passie om ‘n nuwe generasie leiers op te rig in die landelike en landbougemeenskap, asook ‘n nuwe generasie boere en plaaswerkers.

Meeste van die praktiese vaardighede sal waardevol wees in ‘n landboukonteks, alhoewel baie van die vaardighede ook vir die student deure sal oopmaak buite die landbou. Die ***beginsels*** sal waardevol wees in enige rigting waarin ‘n student na sy of haar *Goodyear* mag gaan.  *Palms GF4GF Centre* befonds reeds talle studente vir verdere studie by tersiêre instellings soos landboukolleges m.b.v. ‘n beursfonds.

Voorbeelde van kursusse wat aangebied word, sluit in (sommige geakkrediteerd):

- Selfbeeld, Emosionele genesing, Etiket, Verhoudings, Selfhandhawing, “Courage”, Gawes;
- Produktiwiteit, Groepwerk, Probleemoplossing, Selfbestuur, Konflikhantering;
- Persoonlike Bybelstudie, Grondbeginsels van die Woord, Dissipelskap;
- Bestuurslisensie, Bestuur van finansies, IT-vaardighede,  Aanbiedingsvaardighede, Entrepreneurskap, Kleinbesigheid-ontwikkelling, Foundations for Farming, Verstaan die besigheid van boerdery;
- Praktiese kursusse:  Sweis, Bou en messel, Vee-hantering en observasie, Herstel en onderhoud van pompe, Trekker-operateur en instandhouding, Basiese meganika van ‘n voertuig, Hantering van plaasgereedskap, Basiese konstruksie, Basiese elektrisiteit, Loodgieter, Draadspan, Blokman, Wolklassering, Veldkennis, Bou van ‘n sleepwa, Besproeiing-installering, ens.
- Noodhulp

Nie al die kursusse word by al die sentrums aangebied nie, maar daar is sekere kernkursusse wat oral aangebied word omdat dit so doeltreffend is om bepaalde uitkomste te bereik.

Daar word ook beoog om studente uit te plaas vir prakties by Christenboere wat hierdie visie deel.

## KORT KURSUSSE

Buiten die *Goodyear*-program, word daar ook kort opleidingskursusse by die sentrum aangebied vir mense uit die gemeenskap, veral plaaswerkers. Voorbeelde is die praktiese kursusse hierbo genoem.

## UITREIKE

Studente bied tydens hul *Goodyear* ‘n waardes-program aan by plaaslike skole, ook plaasskole.  Die impak van positiewe rolmodelle, veral van jongmense wat uit soortgelyke omstandighede kom, kan nie oorblemtoon word nie.

## ANDER PROJEKTE EN AKTIWITEITE

Voorbeelde sluit in Sport, Kuns, Avontuurkampe, Opvoedkundige uitstappies, Bid-en-vas naweke, Kruiskulturele projekte, Dissipelskapgroepe, Gemeenskaps- en sendinguitreike, ens.

# ADVERTENSIE

Pos vir Programleier/Huisouer by Genadeland GF4GF-Sentrum, Victoria-Wes.

## Werksbeskrywing

- Vestiging van ’n nuwe GF4GF-sentrum (Implementeer en bestuur die GF4GF-visie en uitkomste op plaaslike vlak en netwerk met ander GF4GF-sentrums);
- Bestuur die *Goodyear*-program en ander gemeenskapsprogramme, bv. uitreike;
- Tree op as Huisouer (Bly nie in dieselfde huis nie, maar in ‘n plaashuis naby die studente se woonplek);
- Gee leiding in die dissipelskap-program en mentor studente;
- Werk saam in ‘n span en skakel met bv. ‘n maatskaplike werker, individue of instansies wat opleiding kom gee, plaaslike boere wat help met die landbou-opleiding, ens.
- Bied sekere programme/kursusse aan, help met die saamstel, inoefen en aanbied van uitreikprogramme saam met die *Goodyear*-studente.

## Vereistes

- ‘n Passie vir Christus en sy Koninkryk binne die landelike en boerderygemeenskap.
- Entrepreneursvaardighede en die vermoë om nuwe dinge tot stand te bring;
- Goeie menseverhoudings en die vermoë om in ‘n span te werk en met die gemeenskap te skakel;
- Vermoë om veral jongmense te “teach, mentor and coach” en ‘n passie vir bemagtiging;
- Goeie bestuurs- en administratiewe vaardighede;
- Goeie rolmodel vir jongmense;
- Fasilitering- en programaanbiedingsvermoë;
- Kennis van kleingroepdinamika;
- Liefde vir landbou. Kennis en ervaring is in spanverband beskikbaar;
- Bereidheid om ‘n pad te stap met die studente vir die duur van die program (jaarliks Feb-Nov, buiten vakansietye).
- Bereidheid om indiensopleiding by ‘n bestaande GF4GF sentrum te ondergaan (minimum 3 maande by *Palms GF4GF* te Groblershoop met volle salaris), waarna geskuif sal word na *Genadeland GF4GF*, Victoria-Wes, om te help met voorbereidings vir inname van studente (Februarie 2018);

Kontak ons gerus vir meer inligting, ook oor die salaris en akkommodasie, en vir die getuienisse van studente by ander sentrums en ons eie getuienis oor *Genadeland GF4GF-sentrum*.

Lees meer oor GF4GF sentrums by: **http://gf4gfcentres.co.za/about-us/**

Stuur aansoeke met ’n volledige CV, motivering van geskiktheid vir die pos en twee getuigskrifte per e-pos na: **johanv@gf4gfcentres.co.za** of skakel vir Johan Viljoen by **083 259 3945**.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie 2017.**